

UIT **DIE OMSLAGTIGE TANT LENIE**

Deur

C.J. LANGENHOVEN

(Uit **Versamelde Werke Deel IX**)

Die toneel speel af in die voorkamer van nig Elsie. Sy sit en naaiwerk doen.

TANT LENIE:

[Bars die deur in, hals-oor-kop, en uit asem uit] Dag - nig - Elsie...

A - nig Elsie! Ek het gehardloop hierheen soos 'n reisesperd. Wat 'n bestiering dat ek die gevaar tog gesien het, anders weet ek nie wat daar kon gebeur het nie. Ek ys as ek daaraan dink. Jou plaas se mense is almal by die koringsny, en by my is daar ook geen sterweling in die huis of op die werf wat kon gesien het nie. My ou man is vanmôre dorp toe om die dokter te raadpleeg oor daardie steek wat hy in die rug kry so gou as hy 'n klammigheidjie of 'n kouetjie vat. Ek sê eergister vir hom, toe die buitjie reën val, hy moet maar in die huis bly. Kiewiet kan die bokseil oor die gerwe gaan trek as hy by die huis kom. Maar die ou man wil mos nooit na my luister nie. Hy sê daar moet van die beste skut toe wees wat Kiewiet gaan bymekaar maak het, anders moes die skepsel lankal by die huis gewees het; en nou sal die skepsel seker láat eers kom, want hy het seker die goed gaan los by die skut. Toe gee ek my ou man nog sy groen jas - jy weet díe wat hy op ou Andries Bakoor se vendusie gekoop het; en ek laat hom sy dik velskoene aantrek, wat hy -

Gehardloop?

Vrou, jy mag wel saggies sê dat ek gehardloop het! Vir 'n ander sou ek dit nie gedoen het nie. In my kinderdae was ek 'n baashardloper. Ek het die laaste jongetjiesmens verbygehardloop daar op die Boplaas toe ons daar skool gegaan het om Katekisasielesse te neem by ou meester Berghoender. Die enigste jongetjie wat my amper kon inloop was Hendrik Gouws. Ek onthou nog hy was danig verlief op my. Ons twee moes dieselfde pad loop huis toe en skool toe toe sy ouers op

Welgerus gewoon het voordat hulle die plaas verkoop het om Onderland toe te trek. Ek hoor dit gaan nou maar armoedig met hulle; ou Hendrik is al gebreklik van ouderdom; en sy ou vrou, ou Koba - jy weet sy was 'n dogter van -

Maar waarvoor ek dan so gehardloop?

So gehardloop! Praat van die ding, my kind! So gehardloop en dit met my kwale en gebreke. Dis nie net die jigpyne nie - en glo vir my die is al erg genoeg. Saans as ek kooi toe gaan kan ek my omdraai dán na hierdie kant toe en dán na daardie kant toe, maar ek kan maar nie my lê kry nie. Smeergoed wil nie meer help nie. Ghriesteer, mosterpleisters, eierolie, klipsweet, bywerk; alles het ek al probeer. Maar weet jy darem dat groen amara so 'n voortreflike middel is vir 'n skielike naarheid of floute? Maar jy moet hom deurmekaar maak - groen amara en wit dulsies en rooi laventel en blou vieterjoel. Jy gooi eers 'n bietjie asyn in jou kelkie -

Gevaar - nig Elsie?

Nig Elsie, ek kom net by my agterdeur se hoek óm om te sien of Kaaitjie nog nie aankom nie. Ek het haar gestuur na nig Hester toe om te vra of sy nie al was dit 'n halwe trekseltjie koffie vir my het om te leen totdat my ou man van die dorp af kom nie. Jy weet ek hou nie van leen nie -

Ek kom by my agterdeur uit van binne af. Ek het gesit en knoopsgaie maak in my eetkamer, hoewel dat die lig maar daar sleg is. My ou man wil mos nooit na my luister nie - toe hy die huis daar gebou het, het ek hom gesê om dit liever so te sit dat die agterkant na die son toe staan, want jy weet mos 'n mens kan nooit jou voorkamer 'n bietjie sindelik hou as jy dit nie gedurig donker hou nie en in jou eetkamer wil jy tog lig hê om te sien, want die liewe vlieë is so lastig om in jou kos in te val in die somer, veral as 'n mens se beeskraal so naby jou huis is. My ouman wil nooit na my luister nie, maar wáarvoor hy nie die kraal kan verder sit nie - hier is mos nou geen jakkalse meer nie, en al was hier ook, dan vang hulle mos geen beeste nie -

Ek sal nie weer so hardloop nie, Elsie, dit beloof ek jou. My hart is swak, hy verdra nie die minste vermoëienis nie - hy wil nie eers hê dat ek op my linkersy moet slaap nie, dan word ek so náar: dit voel nes dit opkom, ek word duiselig en my ore slaan toe -

Hoe is dit dan vir my nes hier iets brand?

Dit is wat ek jou kom sê het, vrou. Toe ek by my agterdeur uitkom en ek sien die rook uit jou dak uit optrek -

[Nig Elsie vlie die deur uit]

Sy wag nie eers tot 'n mens klaar praat nie -

---ooOoo---